

THE ART OF RESEARCH



Ruim die kontrasepsiemite uit die weg

Kontrasepsie-ge nduseerde genitale inflammasie word nie met 'n risiko vir die opdoen van MIV geassosieer nie.



Tanko Fatime Ramla is 'n postdoktorale genoot in die Mucosal Immunology Group aan die Universiteit van Kaapstad

ORCID ID:

<https://orcid.org/0000-0002-2650-8203>

Acknowledgements:

A/Prof Jo-Ann Passmore, Drs Heather Jaspan and Renee Heffron. ECHO team, clinical staffs and study participants. The NIH for funding.

Kontrasepsie-ge nduseerde genitale inflammasie word nie met 'n risiko vir die opdoen van MIV geassosieer nie.

Afrika suid van die Sahara het steeds 'n groot en onopgeloste behoefte aan veilige en doeltreffende kontrasepsie. In hierdie streek met 'n hoë MIV-las is die voorbehoedmiddel wat die meeste gebruik word, die binnespiersie inspuiting medroksiprogesteroonasetaat (DMPA-IM).

Sekere waarnemingstudies wat in die verlede gedoen is, dui egter daarop dat DMPA die risiko om MIV op te doen, kan verhoog. Om teenstrydighede in die resultate van waarnemingstudies te hanteer, is die eerste kontrasepsieproef, Evidence for Contraceptive Options and HIV Outcomes (ECHO), gedoen om die relatiewe MIV-voorkomskoeerse te vergelyk by vroue wat drie

voorbehoedmiddels ontvang: DMPA-OM, levonorgestrel-inplanting (LNG-inplanting), en koper- intra-uteriene apparaat (Cu-IUD).

Die studie het geen beduidende verskil in voorkoms van MIV-infeksie gevind onder die kontrasepsie-metodes wat getoets is nie.

“Sekere kontrasepsiemetodes word ook met verhoogde genitale inflammasie geassosieer, en dit lei tot kommer oor onverwagte gevolge vir vatbaarheid vir siekte, insluitend 'n klein risiko vir die opdoen van MIV of ander seksueel-oordraagbare infeksies (SOI's).

Ons navorsingsgroep het toegang tot genitale monsters uit die proef verkry om te bepaal hoe hierdie voorbehoedmiddels inflammasie van die vroulike genitale kanaal kan

beïnvloed,” sê Tanko Fatime Ramla.

“Ons het genitale inflammasie voor en ses maande ná die aanvang van kontrasepsie gemeet, asook by vroue wat tydens die verloop van die proef met MIV ge nfekteer is of MIV-ongefekteer gebly het. Slegs Cu-IUD het ná invoeging genitale inflammasie veroorsaak vergeleke met voordat daar met kontrasepsie begin is, en hierdie veranderinge het geen beduidende assosiasie getoon met die risiko om MIV op te doen nie.”

Verdere ondersoek is geregverdig om die effek van Cu-IUD-ge nduseerde genitale inflammasies en die potensiaal vir vatbaarheid vir ander infeksies van die vroulike genitale kanaal beter te verstaan.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.

